Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 582 | Cape Town, Kaapstad, | 9 December 2013 | No. 37139

## THE PRESIDENCY

No. 987 9 December 2013

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 20 of 2013: Basic Conditions of Employment Amendment Act, 2013**

## DIE PRESIDENSIE

No. 987 9 Desember 2013

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 20 van 2013: Wysigingswet op Basiese Diensvoorwaardes, 2013**

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

__________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

---

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 4 December 2013)*

# ACT

**To amend the Basic Conditions of Employment Act, 1997, so as to substitute certain definitions; to prohibit employers from requiring employees to make payments to secure employment and from requiring employees to purchase goods, services or products; to prohibit anyone from requiring or permitting a child under the age of 15 years to work; to make it an offence for anyone to require or permit a child to perform any work or provide any services that place at risk the child's well-being; to provide for the Minister to publish a sectoral determination for employees and employers who are not covered by any other sectoral determination; to provide for the Director-General to apply to the Labour Court for an employer to comply with a written undertaking by the employer; to provide for a compliance order; to delete certain obsolete provisions; to provide the Labour Court with exclusive jurisdiction in respect of certain matters; to provide for certain offences and penalties; to increase the penalties for certain offences; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 75 of 1997, as amended by section 40 of Act 65 of 2002, section 26 of Act 68 of 2002 and section 25 of Act 52 of 2003**

**1.** Section 1 of the Basic Conditions of Employment Act, 1997 (hereinafter referred to as the principal Act) is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the definition of ''sector'' of the following definition:
'' **'sector'** means an industry or a service or part of an industry or a service and, in respect of a sectoral determination made in terms of section 55(8), means the employers and employees covered by that determination;''; and

*(b)* by the substitution for the definition of ''serve'' of the following definition:
'' **'serve'** means to send by electronic mail, registered post, telegram, **[telex,]** telefax or deliver by hand or any prescribed method of service;''.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 4 Desember 2013)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997, ten einde sekere omskrywings te vervang; te verbied dat werkgewers vereis dat werknemers betalings maak om werk te kry, en te verbied dat werkgewers vereis dat werknemers goedere, dienste of produkte koop; te verbied dat iemand vereis of toelaat dat 'n kind onder die ouderdom van 15 jaar werk; dit 'n misdryf te maak vir enigiemand om te vereis of toe te laat dat 'n kind enige werk doen of enige dienste lewer wat die kind se welstand in gevaar stel; voorsiening te maak dat die Minister 'n sektorale vasstelling publiseer vir werknemers en werkgewers wat nie deur enige ander sektorale vasstelling vir werknemers en werkgewers gedek word nie; voorsiening te maak dat die Direkteur-generaal by die Arbeidshof kan aansoek doen dat 'n werkgewer 'n skriftelike onderneming deur die werkgewer nakom; voorsiening te maak vir 'n nakomingsbevel; sekere uitgediende bepalings te skrap; die Arbeidshof van uitsluitlike jurisdiksie ten opsigte van sekere aangeleenthede te voorsien; voorsiening te maak vir sekere misdrywe en strawwe; die strawwe vir sekere misdrywe te verhoog; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 75 van 1997, soos gewysig deur artikel 40 van Wet 65 van 2002, artikel 26 van Wet 68 van 2002 en artikel 25 van Wet 52 van 2003**

**1**. Artikel 1 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van ''beteken'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'beteken'** om per elektroniese pos, aangetekende pos, telegram, **[teleks,]** telefaksimilee te stuur of per hand of enige voorgeskrewe metode van betekening te lewer;''; en

*(b)* deur die omskrywing van ''sektor'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'sektor'** 'n nywerheid of 'n diens of 'n deel van 'n nywerheid of 'n diens en, ten opsigte van 'n sektorale vasstelling gemaak ingevolge artikel 55(8), die werkgewers en werknemers deur daardie vasstelling gedek;''.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**Insertion of section 33A in Act 75 of 1997**

**2.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 33:

''**Prohibited conduct by employer**

**33A.** (1) An employer must not—

*(a)* require or accept any payment by or on behalf of an employee or potential employee in respect of the employment of, or the allocation of work to, any employee; or

*(b)* require an employee or potential employee to purchase any goods, products or services from the employer or from any business or person nominated by the employer.

(2) Subsection (1)*(b)* does not preclude a provision in a contract of employment or collective agreement in terms of which an employee is required to participate in a scheme involving the purchase of specific goods, products or services, if the purchase is not prohibited by any other statute and—

*(a)* the employee receives a financial benefit from participating in the scheme; or

*(b)* the price of any goods, products or services provided through the scheme is fair and reasonable.''.

**Substitution of section 43 of Act 75 of 1997**

**3.** The following section is hereby substituted for section 43 of the principal Act:

''**Prohibition of [employment of] work by children**

**43.** (1) **[No]** Subject to section 50(2)*(b)*, a person **[may employ]** must not require or permit a child to work, if the child—

*(a)* **[who]** is under 15 years of age; or

*(b)* **[who]** is under the minimum school-leaving age in terms of any law**[, if this is 15 or older]**.

(2) **[No]** A person **[may employ]** must not require or permit a child **[in employment]** to perform any work or provide any services—

*(a)* that **[is]** are inappropriate for a person of that age;

*(b)* that **[places]** place at risk the child's well-being, education, physical or mental health, or spiritual, moral or social development.

(3) A person who **[employs]** requires or permits a child to work in contravention of subsection (1) or (2) commits an offence.''.

**Substitution of section 44 of Act 75 of 1997**

**4.** The following section is hereby substituted for section 44 of the principal Act:

''**[Employment of] Regulations on work by children [of 15 years or older]**

**44.** (1) Subject to section 43(2), the Minister may, on the advice of the Commission, make regulations to prohibit or place conditions on **[the employment of]** work by children who are at least 15 years of age and are no longer subject to compulsory schooling in terms of any law.

(1A) The Minister may, on the advice of the Commission, make regulations to give effect to South Africa's international law obligations dealing with work by children.

(2) A person who **[employs]** requires or permits a child to work in contravention of **[subsection (1)]** any regulation made in terms of this section commits an offence.''.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**Invoeging van artikel 33A in Wet 75 van 1997**

**2.** Die volgende artikel word hierby na artikel 33 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Verbode optrede deur werkgewer**

**33A.** (1) 'n Werkgewer moet nie—

*(a)* enige betaling deur of namens 'n werknemer of potensiële werknemer vereis of aanvaar ten opsigte van die indiensneming van, of die toewysing van werk aan, 'n werknemer nie; of

*(b)* vereis dat 'n werknemer of potensiële werknemer enige goedere, produkte of dienste van die werkgewer of van enige besigheid of persoon wat deur die werkgewer benoem is, koop nie.

(2) Subartikel (1)*(b)* belet nie 'n bepaling in 'n dienskontrak of kollektiewe ooreenkoms ingevolge waarvan 'n werknemer verplig word om deel te neem aan 'n skema wat die koop van spesifieke goedere, produkte of dienste behels nie, indien die aankoop nie deur enige ander wetsbepaling verbied word nie en—

*(a)* die werknemer 'n finansiële voordeel uit deelname aan die skema ontvang; of

*(b)* die pryse van enige goedere, produkte of dienste wat deur die skema voorsien word billik en redelik is.".

**Vervanging van artikel 43 van Wet 75 van 1997**

**3.** Artikel 43 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Verbod op [indiensneming van] werk deur kinders**

**43.** (1) **[Niemand mag]** Behoudens artikel 50(2)*(b)*, moet 'n persoon nie vereis of toelaat dat 'n kind **[in diens neem nie]** werk nie, indien die kind—

*(a)* **[wat]** onder die ouderdom van 15 jaar is; of

*(b)* onder die minimum skoolverlaatouderdom ingevolge enige wet is**[, indien dit 15 jaar of ouer is]**.

(2) **[Niemand]** 'n Persoon **[mag]** moet nie van 'n kind **[in diens neem nie vir diens]** vereis, of 'n kind toelaat, om enige werk te doen of enige dienste te verskaf nie—

*(a)* wat ongeskik is vir 'n persoon van daardie ouderdom;

*(b)* wat die kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestesgesondheid of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling in gevaar stel.

(3) Iemand wat **['n kind]** strydig met subartikels (1) of (2) **[in diens neem]** vereis of toelaat dat 'n kind werk, begaan 'n misdryf.".

**Vervanging van artikel 44 van Wet 75 van 1997**

**4.** Artikel 44 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**[Indiensneming van] Regulasies oor werk deur kinders [van 15 jaar of ouer]**

**44.** (1) Behoudens artikel 43(2) kan die Minister, op advies van die Kommissie, regulasies uitvaardig ten einde 'n verbod te plaas op, of voorwaardes te stel met betrekking tot, **[die indiensneming van]** werk deur kinders wat minstens 15 jaar oud is en wat nie meer kragtens enige wet skoolpligtig is nie.

(1A) Die Minister kan, op advies van die Kommissie, regulasies uitvaardig om gevolg te gee aan Suid-Afrika se volkeregtelike verpligtinge wat handel oor werk deur kinders.

(2) Iemand wat **['n kind]** strydig **[met subartikel (1) in diens neem]** met enige regulasie ingevolge hierdie artikel uitgevaardig, vereis of toelaat dat 'n kind werk, begaan 'n misdryf.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Substitution of section 45 of Act 75 of 1997**

**5.** The following section is hereby substituted for section 45 of the principal Act:

"**Medical examinations**

**45.** The Minister may, after consulting the Commission, make regulations relating to the conduct of medical examinations of children **[in employment]** who perform work.".

**Amendment of section 46 of Act 75 of 1997**

**6.** Section 46 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraphs *(a)* and *(b)* of the following paragraphs, respectively:

"*(a)* assist **[an employer to employ]** any person to require or permit a child to work in contravention of this Act; or

*(b)* discriminate against a person who refuses to permit a child to **[be employed]** work in contravention of this Act.".

**Substitution of section 47 of Act 75 of 1997**

**7.** The following section is hereby substituted for section 47 of the principal Act:

"**Evidence of age**

**47.** In any proceedings in terms of this Act, if the age of **[an employee]** any person is a relevant factor for which insufficient evidence is available, it is for the party who alleges that the **[employment]** work by that person complied with the provisions of this Chapter to prove that it was reasonable for that party to believe, after investigation, that the person was not below the permitted age in terms of section 43 or 44.".

**Amendment of section 55 of Act 75 of 1997, as amended by section 11 of Act of 2002**

**8.** Section 55 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) After considering the report and recommendations of the Commission contemplated in section 54(4), the Minister may make a sectoral determination for one or more sector and area or as contemplated by subsection (8).";

*(b)* by the substitution in subsection (4) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* provide for the adjustment of remuneration by way of—

(i) minimum rates **[of remuneration]**; or

(ii) minimum increases;";

*(c)* by the substitution in subsection (4) for paragraph *(g)* of the following paragraph:

"*(g)* prohibit or regulate task-based work, piecework, home work, sub-contracting and contract work;";

*(d)* by the deletion of the word "and" at the end of paragraph *(m)* and the addition of the following paragraphs:

"*(o)* taking into account the provisions of section 21(8) of the Labour Relations Act, 1995, set a threshold of representativeness at which a trade union will automatically have the organisational rights contemplated in sections 12 and 13 of the Labour Relations Act, 1995, in respect of all workplaces covered by the sectoral determination; and

*(p)* establish one or more methods for determining the conditions of service for labour tenants who has a right to occupy and to use a part of a farm as contemplated in section 3 of the Land Reform (Labour Tenants) Act, 1996 (Act No. 3 of 1996), for the purpose of section 4(3);";

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**Vervanging van artikel 45 van Wet 75 van 1997**

**5.** Artikel 45 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Mediese ondersoeke**

**45.** Die Minister kan, na oorleg met die Kommissie, regulasies uitvaardig betreffende die doen van mediese ondersoeke van kinders wat **[in diens is]** werk doen.".

**Wysiging van artikel 46 van Wet 75 van 1997**

**6.** Artikel 46 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragrawe *(a)* en *(b)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(a)* **['n werkgewer]** 'n persoon te help om 'n kind in stryd met hierdie Wet **[in diens te neem]** te verplig of toe te laat om te werk; of

*(b)* in stryd met hierdie Wet te diskrimineer teen 'n persoon wat weier om 'n kind toe te laat om **[in diens**] te **[wees]** werk.".

**Vervanging van artikel 47 van Wet 75 van 1997**

**7.** Artikel 47 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Bewys van ouderdom**

**47.** Indien die ouderdom van **['n werknemer]** enige persoon by enige verrigtinge ingevolge hierdie Wet, 'n tersaaklike faktor is ten opsigte waarvan daar onvoldoende getuienis is, moet die party wat beweer dat die **[indiensneming]** werk deur daardie persoon voldoen aan die bepalings van hierdie Hoofstuk, bewys dat dit, nadat ondersoek ingestel is, redelik was om te vermoed dat die persoon nie onder die toelaatbare ouderdom ingevolge artikel 43 of 44 was nie.".

**Wysiging van artikel 55 van Wet 75 van 1997, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 11 van 2002**

**8.** Artikel 55 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Na oorweging van die verslag en aanbevelings van die Kommissie beoog in artikel 54(4) kan die Minister 'n sektorale vasstelling vir een of meer sektor en gebied doen of soos in subartikel (8) beoog.";

*(b)* deur paragraaf *(b)* in subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* voorsiening maak vir die aanpassing van besoldiging deur middel van—

(i) minimum **[besoldigingskoerse]** koerse; of

(ii) minimum verhogings;";

*(c)* deur paragraaf *(g)* in subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(g)* taakgebaseerde werk, stukwerk, tuiswerk en subkontraktering en kontrakwerk verbied of reël;";

*(d)* deur die woord "en" aan die einde van paragraaf *(m)* te skrap en die volgende paragrawe by te voeg:

"*(o)* met inagneming van die bepalings van artikel 21(8) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, 'n drempel van verteenwoordigendheid stel waarop 'n vakbond outomaties die organisatoriese regte in artikels 12 en 13 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, beoog, sal hê ten opsigte van alle werksplekke deur die sektorale vasstelling gedek; en

*(p)* een of meer metodes daarstel vir die vasstelling van die diensvoorwaardes vir huurarbeiders wat 'n reg het om 'n deel van 'n plaas te okkupeer en te gebruik soos beoog in artikel 3 van die Wet op Grondhervorming (Huurarbeiders), 1996 (Wet No. 3 van 1996), by die toepassing van artikel 4(3);";

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



*(e)* by the substitution in subsection (7) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* covering employees covered by a collective agreement concluded in a statutory council regulating any matter **[in a sector and area in which a statutory council is established and]** in respect of which that statutory council has concluded a collective agreement;"; and

*(f)* by the addition of the following subsection:

"(8) Subject to the provisions of subsection (7), the Minister may publish a sectoral determination that applies to employers and employees who are not covered by any other sectoral determination.".

**Amendment of section 68 of Act 75 of 1997, as amended by section 13 of Act 11 of 2002**

**9.** Section 68 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A labour inspector who has reasonable grounds to believe that an employer has not complied with any provision of this Act **[must]** may endeavour to secure a written undertaking by the employer to comply with the provision."; and

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(3) If an employer fails to comply with a written undertaking given by the employer in terms of this section, the Director-General may apply to the Labour Court for an order in terms of section 73 directing the employer to comply with the undertaking.".

**Amendment of section 69 of Act 75 of 1997, as amended by section 14 of Act 11 of 2002**

**10.** Section 69 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the deletion in subsection (2) of paragraph *(d)*;

*(b)* by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) A compliance order may also set out the date—

*(a)* by which the employer should serve any representations it may wish to make with the Department and the Labour Court; and

*(b)* on which, if the employer does not comply with the order, application may be made without further notice to the employer to have the compliance order made an order of the Labour Court in terms of section 73.";

*(c)* by the substitution in subsection (3) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* A **[labour inspector must serve a]** copy of the compliance order must be served on the employer named in it, and on each employee affected by it **[unless]** or, if this is impractical, **[and]** on a representative of the employees."; and

*(d)* by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) An employer must comply with the compliance order within the time period stated in the order **[unless the employer objects in terms of section 71]**.".

**Amendment of section 70 of Act 75 of 1997, as amended by section 15 of Act 11 of 2002**

**11.** Section 70 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraphs *(c)* and *(d)* of the following paragraphs, respectively:

"*(c)* any proceedings have been instituted for the recovery of that amount **[or, if proceedings have been instituted]**, unless those proceedings have been withdrawn; or

*(d)* that amount has been payable by the employer to the employee for longer than 12 months before the date on which a complaint was made to a labour inspector by or on behalf of the employee or, if no complaint was made, the date on which a labour inspector first endeavoured to secure a written

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



*(e)* deur paragraaf *(b)* in subartikel (7) deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(b)* werknemers dek wat deur 'n kollektiewe ooreenkoms wat in 'n statutêre raad aangegaan is, gedek word wat enige aangeleentheid **[in 'n sektor of gebied]** reël **[waarin 'n statutêre raad ingestel is en]** ten opsigte waarvan daardie statutêre raad 'n kollektiewe ooreenkoms aangegaan het;"; en

*(f)* deur die volgende subartikel by te voeg:
"(8) Behoudens die bepalings van subartikel (7), kan die Minister 'n sektorale vasstelling publiseer wat van toepassing is op werkgewers en werknemers wat nie deur enige ander sektorale vasstelling gedek word nie.".

**Wysiging van artikel 68 van Wet 75 van 1997, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 11 van 2002**

**9.** Artikel 68 van die Hoofwet word hierby gewysig—
*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
"(1) 'n Arbeidsinspekteur wat redelike gronde het om te glo dat 'n werkgewer 'n bepaling van hierdie Wet nie nagekom het nie, **[moet]** kan poog om 'n skriftelike onderneming deur die werkgewer te verkry om die bepaling na te kom."; en

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg:
"(3) Indien 'n werkgewer versuim om te voldoen aan 'n skriftelike onderneming wat die werkgewer ingevolge hierdie artikel gegee het, kan die Direkteur-generaal by die Arbeidshof aansoek doen om 'n bevel ingevolge artikel 73 wat die werkgewer gelas om aan die onderneming te voldoen.".

**Wysiging van artikel 69 van Wet 75 van 1997, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 11 van 2002**

**10.** Artikel 69 van die Hoofwet word hierby gewysig—
*(a)* deur paragraaf *(d)* in subartikel (2) te skrap;
*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:
"(2A) 'n Nakomingsbevel kan ook die datum vasstel—
*(a)* waarteen die werkgewer enige vertoë moet beteken wat dit aan die Departement en die Arbeidshof wil rig; en
*(b)* waarop, indien die werkgewer nie aan die bevel voldoen nie, aansoek, sonder verdere kennisgewing aan die werkgewer, gedoen kan word dat die nakomingsbevel 'n bevel van die Arbeidshof gemaak word ingevolge artikel 73.";

*(c)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(a)* 'n **[Arbeidsinspekteur moet 'n afskrif]** Afskrif van die nakomingsbevel moet aan die werkgewer daarin genoem**[,]** beteken word, en aan elke werknemer wat daardeur geraak word **[tensy]** of, indien dit onuitvoerbaar is, **[en]** aan 'n verteenwoordiger van die werknemers."; en

*(d)* deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
" (5) 'n Werkgewer moet binne die tydperk in die bevel vermeld aan die nakomingsbevel voldoen**[, tensy die werkgewer ingevolge artikel 71 daarteen beswaar maak]**.".

**Wysiging van artikel 70 van Wet 75 van 1997, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 11 van 2002**

**11.** Artikel 70 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragrawe *(c)* en *(d)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:
"*(c)* enige verrigtinge vir die verhaling van daardie bedrag ingestel is **[of, indien verrigtinge ingestel is]**, tensy daardie verrigtinge teruggetrek is; of
*(d)* daardie bedrag deur die werkgewer aan die werknemer verskuldig is vir langer as 12 maande vanaf die datum waarop 'n klagte deur of namens die werknemer by 'n arbeidsinspekteur ingedien is of, indien geen klagte ingedien is nie, die datum waarop 'n arbeidsinspekteur eerste probeer het om 'n

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



undertaking by the employer in terms of section 68 or issued a compliance order in terms of section 69.''.

**Repeal of sections 71 and 72 of Act 75 of 1997**

**12.** Sections 71 and 72 of the principal Act are hereby repealed.

**Substitution of section 73 of Act 75 of 1997, as amended by section 16 of Act 11 of 2002**

**13.** The following section is hereby substituted for section 73 of the principal Act:

''**Order may be made order of Labour Court**

**73.** (1) The Director-General may apply to the Labour Court on the date specified in the compliance order in terms of section 69(2A)*(b)* or, with further notice to the employer, on a subsequent date for a compliance order to be made an order of the Labour Court **[in terms of section 158(1)*(c)* of the Labour Relations Act, 1995,]** if the employer has not complied with the order **[and has not lodged an objection against the order in terms of section 71(1)]**.

(2) **[The Director-General may apply to the Labour Court for an order of the Director-General in terms of section 71(3) to be made an order of the Labour Court in terms of section 158(1)*(c)* of the Labour Relations Act, 1995, if the employer has not complied with the order and has not appealed against the order in terms of section 72(1)]** After considering any representations made to it, the Labour Court may issue an order in terms of subsection (1) requiring—

*(a)* the employer to comply with the provisions of this Act;
*(b)* subject to section 70*(d)*, the payment of any amount owing to an employee; or
*(c)* the payment of a fine calculated in terms of Schedule 2 to this Act.''.

**Amendment of section 74 of Act 75 of 1997, as amended by section 17 of Act 11 of 2002**

**14.** Section 74 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''If an employee institutes proceedings for unfair dismissal, the Labour Court or the arbitrator hearing the matter may also determine any claim for an amount that is owing to that employee in terms of this Act if **[—]** the claim has not prescribed.'';

*(b)* by the deletion in subsection (2) of paragraphs *(a)*, *(b)* and *(c)*; and

*(c)* by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

''(2A) No compliance order may be issued or enforced and no other legal proceedings may be instituted or enforced in respect of any claim that has been determined in terms of this subsection (2).''.

**Amendment of section 77 of Act 75 of 1997**

**15.** Section 77 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) Subject to the Constitution and the jurisdiction of the Labour Appeal Court, and except where this Act provides otherwise, the Labour Court has exclusive jurisdiction in respect of all matters in terms of this Act**[, except in respect of an offence specified in sections 43, 44, 46, 48, 90 and 92]**.''; and

*(b)* by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

''(1A) The Labour Court has exclusive jurisdiction to grant civil relief arising from a breach of sections 33A, 43, 44, 46, 48, 90 and 92.''.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



skriftelike onderneming deur die werkgewer ingevolge artikel 68 te verkry of 'n nakomingsbevel ingevolge artikel 69 uitgereik het.''.

**Herroeping van artikels 71 en 72 van Wet 75 van 1997**

**12.** Artikel 71 en 72 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Vervanging van artikel 73 van Wet 75 van 1997, soos gewysig deur artikel 16 van Wet 11 van 2002**

**13.** Artikel 73 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Bevel kan bevel van Arbeidshof gemaak word**

**73.** (1) Die Direkteur-generaal kan op die datum in die nakomingsbevel vermeld ingevolge artikel 69(2A)*(b)* of, met verdere kennisgewing aan die werkgewer, op 'n daaropvolgende datum by die Arbeidshof aansoek doen dat 'n nakomingsbevel 'n bevel van die Arbeidshof gemaak word **[ingevolge artikel 158(1)*(c)* van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995,]** indien die werkgewer nie die bevel nagekom het nie **[en nie ingevolge artikel 71(1) 'n beswaar teen die bevel aangeteken het nie]**.

(2) **[Die Direkteur-generaal kan by die Arbeidshof aansoek doen dat 'n bevel van die Direkteur-generaal ingevolge artikel 71(3) 'n bevel van die Arbeidshof gemaak word ingevolge artikel 158(1)*(c)* van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, indien die werkgewer nie die bevel nagekom het nie en nie ingevolge artikel 72(1) appèl teen die bevel aangeteken het nie]** Na oorweging van enige vertoë daaraan gerig, kan die Arbeidshof 'n bevel ingevolge subartikel (1) uitreik wat vereis dat—

*(a)* die werknemer aan die bepalings van hierdie Wet voldoen;
*(b)* behoudens artikel 70*(d)*, enige bedrag wat aan 'n werknemer geskuld word, betaal word; of
*(c)* 'n boete wat ingevolge Bylae 2 tot hierdie Wet bereken is, betaal word.''.

**Wysiging van artikel 74 van Wet 75 van 1997, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 11 van 2002**

**14.** Artikel 74 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Indien 'n werknemer verrigtinge weens onbillike ontslag instel, kan die Arbeidshof of die arbiter wat die aangeleentheid aanhoor, ook enige eis aanhoor vir 'n bedrag wat ingevolge hierdie Wet aan daardie werknemer verskuldig is, indien **[—]** die eis nie verjaar het nie.'';

*(b)* deur paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)* in subartikel (2) te skrap; en

*(c)* deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

''(2A) Geen nakomingsbevel mag uitgereik of afgedwing word nie en geen ander regsgedinge mag ingestel of afgedwing word ten opsigte van enige eis wat ingevolge hierdie subartikel (2) bepaal is nie.''.

**Wysiging van artikel 77 van Wet 75 van 1997**

**15.** Artikel 77 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Behoudens die Grondwet en die jurisdiksie van die Arbeidsappèlhof, en behalwe waar hierdie Wet anders bepaal, het die Arbeidshof uitsluitlike jurisdiksie ten opsigte van alle aangeleenthede ingevolge hierdie Wet**[, maar nie ten opsigte van 'n misdryf in artikels 43, 44, 46, 48, 90 en 92 vermeld nie]**.''; en

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

''(1A) Die Arbeidshof het uitsluitlike jurisdiksie om siviele regshulp toe te staan na aanleiding van 'n oortreding van artikels 33A, 43, 44, 46, 48, 90 en 92.''.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Amendment of section 93 of Act 75 of 1997**

**16.** Section 93 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the table of the following table:

"**OFFENCES AND PENALTIES**

| ***Section under which convicted*** | ***Maximum term of imprisonment*** |
|---|---|
| Section 33A | 3 years |
| Section 43 | **[3]** 6 years |
| Section 44 | **[3]** 6 years |
| Section 46 | **[3]** 6 years |
| Section 48 | **[3]** 6 years |
| Section 90(1) and (3) | 1 year |
| Section 92 | 1 year |

**Amendment of Schedule two to Act 75 of 1997**

**17.** The principal Act is hereby amended by the substitution for Table One of the following table:

"**TABLE ONE: MAXIMUM PERMISSIBLE FINE NOT INVOLVING AN UNDERPAYMENT**

| | |
|---|---|
| No previous failure to comply | **[R100]** R300 per employee in respect of whom the failure to comply occurs |
| A previous failure to comply in respect of the same provision | **[R200]** R600 per employee in respect of whom the failure to comply occurs. |
| A previous failure to comply within the previous 12 months or two previous failures to comply in respect of the same provision within three years | **[R300]** R900 per employee in respect of whom the failure to comply occurs |
| Three previous failures to comply in respect of the same provision within three years | **[R400]** R1200 per employee in respect of whom the failure to comply occurs |
| Four previous failures to comply in respect of the same provision within three years | **[R500]** R1500 per employee in respect of whom the failure to comply occurs |

**Short title**

**18.** This Act is called the Basic Conditions of Employment Amendment Act, 2013, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Wysiging van artikel 93 van Wet 75 van 1997**

**16.** Artikel 93 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die tabel deur die volgende tabel te vervang:

"**MISDRYWE EN STRAWWE**

| ***Artikel waarkragtens gevonnis*** | ***Maksimum tydperk van gevangenisstraf*** |
|---|---|
| Artikel 33A | 3 jaar |
| Artikel 43 | **[3]** 6 jaar |
| Artikel 44 | **[3]** 6 jaar |
| Artikel 46 | **[3]** 6 jaar |
| Artikel 48 | **[3]** 6 jaar |
| Artikel 90(1) en (3) | 1 jaar |
| Artikel 92 | 1 jaar |

**Wysiging van Bylae twee tot Wet 75 van 1997**

**17.** Die Hoofwet word hierby gewysig deur Tabel Een deur die volgende tabel te vervang:

"**TABEL EEN: MAKSIMUM TOELAATBARE BOETE WAARBY 'N ONDERBETALING NIE BETROKKE IS NIE**

| | |
|---|---|
| Geen vorige versuim betreffende nakoming nie | **[R100]** R300 per werknemer ten opsigte van wie die versuim betreffende nakoming geskied |
| 'n Vorige versuim betreffende nakoming ten opsigte van dieselfde bepaling | **[R200]** R600 per werknemer ten opsigte van wie die versuim betreffende nakoming geskied |
| 'n Vorige versuim betreffende nakoming binne die vorige 12 maande of twee vorige versuime betreffende nakoming ten opsigte van dieselfde bepaling binne drie jaar | **[R300]** R900 per werknemer ten opsigte van wie die versuim betreffende nakoming geskied |
| Drie vorige versuime betreffende nakoming ten opsigte van dieselfde bepaling binne drie jaar | **[R400]** R1 200 per werknemer ten opsigte van wie die versuim betreffende nakoming geskied |
| Vier vorige versuime betreffende nakoming ten opsigte van dieselfde bepaling binne drie jaar | **[R500]** R1 500 per werknemer ten opsigte van wie die versuim betreffende nakoming geskied |

**Kort titel**

**18.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Basiese Diensvoorwaardes, 2013, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*